VERLOëNINGSGEBEDE

OOSTERS

Amanda Buys se Geestelike Dekking

Hierdie is ‘n produk deur Kanaän Bedieninge, ‘n nie-winsgewende bediening onder die dekking van:

- River of Life Family Church, Vanderbijlpark
  Pastoor Edward Gibbens
  (Kontak: Sharmain Joubert
  Persoonlike Assistant vir Ps Edward en Dalene Gibbens)
  River of Life Family Church
  Vanderbijlpark
  Suid-Afrika
  Tel: +27 16 9823022
  Faks: +27 16 9822566
  E-pos: sharmain@rolfc.co.za

Daar is geen kopiereg op hierdie materiaal nie. Geen gedeelte van hierdie materiaal mag egter gereproduseer en/of aangebied word vir **persoonlike** gewin nie. Alle regte van hierdie materiaal word voorbehou om die Koninkryk van die Here Jesus Christus **ALLEENLIK** te bevorder.

Vir verdere inligting of die plaas van ‘n bestelling, kontak ons asb. by:

Posbus 15253
Panorama
7506
Kaapstad
Suid-Afrika
Tel.: (+27) (021) 930 7577
Faks: 086 681 9458
E-pos: kanaan@iafrica.com
Webblad: www.kanaanministries.org
Kantoorure: Maandae tot Vrydae, 9vm – 3nm.

John Vorsterrylaan 27
Plattekloof Uitbr. 1
Panorama 7500
Kaapstad
Suid-Afrika

Kanaan in Europa - Basel:

Larwin and Silvia Nickelson
Oikos International Church
Reinacherstrasse 3
CH-4142 Münchenstein
Basel, Switzerland
Sameroeper: Lydia Wenger
Kantoorure: Monday, Tuesday and Thursday from 8 – 12 .
Telefoon: +41(0)61 332 15 40
E-pos: kanaanministries@bete.net
Webblad: www.kanaanministries.org

Hierdie gebede is opgestel volgens persoonlike opinies en oortuigings. Hierdie opinies en oortuigings word verkry vanuit ons interpretasie van die Woord van God, die Bybel.

Daar word op geen manier gediskrimineer teen enige persone, kerke, instansies of politieke partye nie.

Ons vra dus dat u hierdie skrywe op dieselfde wyse hanteer, of u hiermee saamstem al dan nie.

RIGLYNE VIR DIE GEBRUIK VAN VERLOëNINGSGEBEDE

Die verloëning van okkultiese betrokkenheid is tweeledig:

1. **BELYDENIS VAN BETROKKENHEID.**



Met die **belydenis van betrokkenheid** word die gebed hardop gelees, verkieslik met een of meer getuie/s, asook die berader/s. Die rede vir die hardop lees, is sodat die individu geen twyfel het dat die verloëning gedoen is nie. Dit is ook waarom ons aanbeveel dat daar 'n getuie/s is.

Jak. 5:16 *Bely **mekaar** julle misdade en bid vir mekaar, …*

Nadat hierdie deel afgelê is, is slegs die helfte van die verloëning voltooi. Die volgende deel is **baie** belangrik. Dit is waar die berader onmisbaar is.

2. **OORLOGVOERING.**

Die gebed moet nou deurgebid word in **oorlogvoering**. Alle woorde en sinsnedes wat in donker gedruk en **onderstreep** is, asook die betrokke magte van die duisternis en effekte van betrokkenheid, nl. siektes, armoede, rusie, ens. moet aangespreek word. Die magte word **bestraf**, **gebind**, **ontwortel uit die bloedlyn en beveel om 'n voetbank vir Jesus se voete te word**.

Ps. 110:1 *Sit aan my regterhand, tot Ek U vyande maak 'n voetbank vir U voete.*

Heb. 1:13; 10:13 *"13 En aan watter een van die engele het Hy ooit gesê: Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete? 10:13 en wag nou verder totdat sy vyande gemaak is 'n voetbank van sy voete."*

Die individu moet ook losgesny word van die menslike wette en instellings van die betrokke organisasie/s en onder Christus se Wet kom. **Gal. 3:10**

INHOUD

1. Bevryding van Oosterse Gevegskunste en Joga 5

2. Joga, Reïnkarnasie, Meditasietegnieke en Asemhalingstegnieke 8

3. Bevryding van Akupunktuur 14

4. Refleksologie en Aromaterapie 15

5. Informasie vir Beraders:

   - Shakras 23
   - Seksmagie 24
   - Lotus Posisie 28

6. Meditasie 29

7. Mudras 30

8. Karate 31

9. Ninjitsu en Taijitsu 34

10. ‘n Woord aan Beraders 37

11. Woordeboek van Basiese Terme 39

12. Aanvullende Inligting oor Oosterse Gevegskunste 43

13. Christenskap vs Buddhisme 45

1. BEVRYDING VAN OOSTERSE GEVEGSKUNSTE EN JOGA

Mat. 16:18,19 *"[18]En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.*
[19]En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees."

Open. 1:18 *"[18]...en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen. En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood."*

Wanneer 'n persoon vra vir bevryding van die demoniese houvas van **Joga en die Oosterse Gevegskunste,** is daar sekere riglyne wat in aanmerking geneem behoort te word. Dit moenie ligtelik beskou word nie en die beraders moet **ervare en goed voorbereid** wees op hierdie taak.

Die eerste riglyn is om nie so 'n persoon op jou eie te beraad nie, maar altyd saam met 'n mede-berader, en indien moontlik, iemand van dieselfde geslag.
Tweedens, indien jy al die minder belangrike punte vir vrymaking eers kan "saamvat", kan dit die manifestasie van die kliënt verminder en 'n gladder verloop van die bevryding bewerkstellig.
Derdens, onthou dat die verstand van die kliënt "geprogrammeer" is deur die spesifieke medium wat hy gevolg het en dat hy bevryding benodig van alles wat ingekom het vanaf die basiese bron van oortuiging en aanvaarding van enigiets aangaande daardie oortuiging.
'n Volgende stap sal wees om die persoon te beraad aangaande sy verlede en om te handel met alle sonde in sy lewe, terwyl hy bemoedig word en versekering ontvang van God se genade en vergifnis na belydenis van die sonde. (Neem die persoon deur die Sielesorg Skool)

Nog 'n noodsaaklikheid is om seker te maak dat die kliënt verstaan hoe om die wapenrusting van God te handhaaf soos beskryf in:

Efes. 6:10-18 *"[10]EINDELIK, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte.*
[11]Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel.
[12]Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug.
[13]Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly.
[14]Staan dan vas, julle lendene met die waarheid omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan,
[15]en as skoene aan julle voete die bereidheid vir die evangelie van vrede.

[16]Behalwe dit alles neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus.
[17]En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees—dit is die woord van God —
[18]terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges..."

Elke beradings-sessie behoort te begin met 'n belydenis van geloof in God Almagtig en Sy Seun Jesus Christus. Dit is 'n verklaring wat gemaak word aan die geesteswêreld.

Hier volg 'n lys van voorstelle van die spesifieke areas wat aangespreek behoort te word in die berading van iemand wat betrokke was in die Oosterse Gevegskunste en Joga. Die vlak van opleiding in hierdie Kunste wat die kliënt ondergaan het, sal die diepte van die bediening wat aangewend moet word, bepaal.

1. Die kliënt moet 'n opregte begeerte hê vir bevryding.
2. Alle sonde moet bely word.
3. Enigiemand wat vergewe moet word?
4. Kliënt moet 'n opregte verklaring en getuienis hê van sy geloof in Jesus Christus van Nasaret.
5. Nooi die Heilige Gees om teenwoordig te wees.
6. Sny los van **Mars**, die **Romeinse god van oorlog**, die **Owerheid** oor alle **Oosterse Gevegskunste**.
7. Kliënt moet die spesifieke naam van die **Oosterse Gevegskuns** en die **tipe Joga** wat beoefen is, verloën en vrygestel word daarvan.
8. Bevry van **elke beweging** en **elke posisie** gepraktiseer in óf die Oosterse Kunste óf Joga, en dit moet losgesny word.
9. 'n Afsny en vrymaking van enige **mantra** of **voorwerp** gebruik om **meditasie** te **bewerkstellig**.
10. Sny los van alle **instrukteurs** by die naam.
11. Sny los van die **naam** van die **oefensaal**.
12. Bevry en sny los van **alle tekens van respek** deur die **buiging** voor die aanvang van 'n Gevegskuns rondte of na so 'n rondte.
13. Sny los en bevry van enige **simbool** sigbaar of onsigbaar in die **ontmoetings-saal**; bv. 'n vlag, boekrol, prent, ens.
14. Bely dat hy deel was van 'n oefening van 'n **fisiese aard** wat spruit uit 'n Oosterse godsdiens en bevry hom daarvan.
15. 'n Bevryding van die **Yin en Yang simbole** en alles waarvoor dit staan.
16. Bely enige **besering wat aan ander toegedien** is gedurende enige beoefening van enige Oosterse Gevegskuns, en 'n gebed vir **genesing van die beseerde party**.
17. Bely en sny af enige **beloftes** wat **verbaal** of op **skrif** gemaak is aangaande Oosterse Gevegskuns of Joga.
18. Sny los van alle **asemhalings oefeninge** en enige gevolglike effek op die longe, ens.
19. Sny los van alle **ki of chi krag**.
20. Sny los van **name** en **kenmerke** van alle **diere verteenwoordig** in Gevegskunste of Joga.

21. Verbreek die mag van elke **gordel toekenning**, en spreek God se vrymaking uit oor die deelnemer en verklaar **vryheid van slawerny** van enige aspek van die Oosterse Gevegskunste.
22. Vra vir God se **genesing** en **bevryding van die verstand en gees** van die kliënt en bid vir ‘n bekering van die verstand en gees tot die Verstand van Jesus Christus van Nasaret.
23. **Ju-jitsu**: Sny los van die **gees van verwurging**.
24. Bid vir **genesing van enige beserings** waarmee die kliënt probleme het.

Bykomend tot die lys vir bevryding, is een of twee ander areas wat aangespreek moet word, maar omdat dit demoniese toegang van ander tipes van betrokkenheid behels, noem ek dit apart. Met enige erkenning van ander geloofssisteme en beoefening van meditasie, gebede en ander aksies toepaslik by daardie medium of geloof, sal daar ‘n **fisiese beheer** oor die bevryding wees – die **outo senu-stelsel**; die **sentrale senu-stelsel**; die **kliere** veral. Die adrenale; elke spier, die bewussyn, semi-bewussyn en onbewuste verstand; die wil en veral daardie deel van die verstand wat **besluite** neem.

Dit is goed om die kliënt aan te moedig om die Asem van God diep in sy longe in te trek en dan enige onrein ding te beveel om uit te kom saam met hul eie asem.

Eseg. 37:5 ***“****Kyk, Ek bring gees in julle in, sodat julle lewendig kan word.”*

1 Joh. 4:4 ***“****[4]Julle is uit God, my kinders, en het hulle oorwin, omdat Hy wat in julle is, groter is as hy wat in die wêreld is.*

2. GEBED VIR VRYMAKING VAN JOGA, RE-INKARNASIE, MEDITASIE-TEGNIEKE EN ASEMHALINGSTEGNIEKE

Vader, ek kom na U in die Naam van Jesus Christus van Nasaret en ek bely dat Jesus my Heer en Meester is. Sy Bloed het my verlos, Sy lewe is binne-in my en ek is 'n kind van God.

Ek verloën die **juk van slawerny** (Joga – Sanskrit *'yuga'* – 'juk') wat ek ontvang het die die beoefening van **joga** en ek sny myself los van die universele gees **Brahman**, die voorwerp van kennis. Ook verloën ek die soeke na **perfekte selfkennis.**

Ek bely die klim van enige/alle van die **agt stadiums** van die leer wat lei na die sogenaamde 'perfekte kennis', en verloën die volgende:

1. **Selfbeheer** *(yama)*, wat behels eerlikheid, onthouding, vermyding van diefstal, weiering van geskenke en geen skade doen aan lewende dinge nie.

2. **Godsdienstige onderhouding** *(niyama)* wat soberheid, armoede, tevredenheid, reinigings rites, herhaling van Vediese gesange en toegewyde afhanklikheid van die Opperwese.

3. **Posisies** *(asana)*, wat beskou word as basies tot al die stadiums wat volg. Ek beveel elke demoon wat my binnegekom het, om my nou te verlaat in die Naam van Jesus! (Wees spesifiek en **noem die posisie** – gewoonlik kobra, lotus, pou-stand, ens. **Twaalf basiese asanas** word aanbeveel vir Westerse Jogi's). Ek verbreek die skakel tussen elke **Joga posisie,** my **senu-stelsel en verstand,** in die Naam van Jesus. Ek verloën ook die gebruik van enige **voorwerp** (kers, ens.) vir konsentrasie.

4. **Asemhalings-beheer** *(pranayama)* wat glo in die in-asem van positiewe lug en die uit-asem van negatiewe lug, en dat dit my liggaam bekragtig met energie (lewens energie – Prana). Ek verloën ook die twee wortels van Hatha Joga, (Ha – son / Tha – maan) en die vloei van asem deur die regter neusgat (son asem) en die linker neusgat (maan asem), in die Naam van Jesus. Ek verloën enige beheer oor my asemhaling. Ek kanselleer elke spesifieke **asemhalings tegniek** wat ek gebruik het. (Noem dit). Ek verbreek die HIPNOTIESE MAG en verrukkings effek van die asemhalings tegnieke, in die Naam van Jesus!

5. **Terughouding van die sintuie** *(pratyahara)* wat hul onttrekking van eksterne voorwerpe beteken en die herhalende terugdraai van die verstand na homself in ‘n poging om tot God te klim en soos God te word. Ek verloën alle beheer wat my siel (verstand) uitgeoefen het oor my gees. (Toestand van God-bewustheid). Ek bely dat ek toegelaat het dat my verstand passief word, en vra vergifnis daarvoor. Ek onderwerp my verstand totaal en al aan die outoriteit van Jesus Christus.

6. **Besadiging van die verstand** *(dharana)* wat aandag vestig op een deel van die liggaam, soos die naeltjie, punt van die neus, of middel van wenkbroue, op ‘n manier wat die beoefenaar onsensitief maak vir steuring van buite.

7. **Meditasie** *(dhyana),* wat die verstand vestig op die voorwerp van kennis, veral Brahman, en alle ander gedagtes uitsluit.

8. **Diepgaande beskouing** *(samadhi)* wat die volmaakte opname van gedagte in die **voorwerp van kennis** is, sy eenheid en identifikasie met daardie voorwerp. Die bereiking van samadhi is veronderstel om die sel te bevry van die illusies van sintuie en die teenstellings van rede. Dit is skynbaar gedagte wat verby gedagte strek, sy doel bereik deur homself te ignoreer, wat lei tot ‘n innerlike verligting, die ekstase van die ware kennis van realiteit. Ek verloën ook **elke jukposisie** wat ek gedra het om samadhi te bereik en verloën elke **toestand van verrukking** waarin ek algeheel bewusteloos was.

Ek bely en verloën die oortuiging in en verkryging van *kaivalya,* wat **bevryding** is, eerstens van die wëreld van verskynsel, dan van gedagtes van self en laastens van die gees se verstrengeling met substansie. Ek verloën die uitvoering van **verstandelike en fisiese prestasies** en selfs die verandering in die verloop van die natuur.

- Ek verloën my geloof in die **'Wiel van die Lewe'** (Wheel of Life) en sny myself daarvan los in die Naam van Jesus.

- Ek verloën my geloof in **re-inkarnasie** en ek sny myself los in die Naam van Jesus van vorige lewens wat ek nou erken as spesifieke demone wat bonatuurlike kennis besit. Ek verloën die **persoonlikheid** wie ek geglo het ek was (noem dit).

- Ek sny myself los van die **spesifieke vlakke** van geestelike realm en vlakke van daardie geestelikheid wat ek bereik het. (Daar is 7 volgens New Age). Ek gee elke **"gawe**" en alle **"wysheid"** wat ek ontvang het van die **boom van kennis van goed en kwaad** terug aan satan.

- Ek verloën elke god oor **elke spesifieke vlak** voor wie ek gebuig het (bv. godin van die dood, mag en siekte – **Kali**). Ek verloën **Shiva** – god van vernietiging, ook bekend as god van lig (The light of Shiva).

- Ek verloën die **Owerheid** oor alle Oosterse godsdienste, naamlik **Boeddha** en sny myself van hom los, in Jesus Naam.

- Ek verloën alle **boeke / leesstof / video materiaal** wat ek bestudeer het om meer kennis en wysheid op te doen oor Joga, Meditasie ens. (Bv. The Prophet, ens.)

- In die naam van Jesus verloën ek my geloof in die **noodlot / lotsbestemming / bestiering.** Ek aanvaar volle verantwoordelikheid vir my sondes en erken satan as 'n dief, moordenaar en verwoester. **(Joh.10:10)**
  Ek bely my volle afhanklikheid van Jesus Christus deur Wie alleen ek gered kan word. Ek bely dat Hy die **enigste Weg**, die **Waarheid** en die **Lewe** is. (**Joh 14:6).** Ek vra om vergifnis vir die ontkenning van die Bloed van Jesus wat die **enigste** reinigingsmiddel vir sonde is.

- Ek verloën my geloof in **Panteïsme** (Skepping as God) en die mens se sogenaamde eenwording met hom / hierdie lewenskrag.

- Ek verloën die geloof in die **"self", dissipelskap** van die "self" en dat die "self" "god" kan wees! (Ultra self / Real self)

- Ek verloën elke **manifestasie of posisie** wat ek uitgevoer het om die **kundalini** op te wek, elke vorm van aanbidding aan die **vuur, son, maan** en veral die **"sluimerende goddelikheid** / **latente goddelikheid"** gebring, die drink van enige **gewyde water,** enige **"mantra"** tot lof en eer van die kundalini (bv. heilige Mantra, the Word of Glory, Om).

- Ek verloën die **kundalini-mag** en beveel hom om my nou te verlaat in die Naam van Jesus! Here, ek vra dat U my sal reinig en alle kanale wat oopgemaak is deur **chakras** (die 7 vlakke waardeur hierdie Kundalini magte beweeg het), sal toemaak.

- Ek verloën elke **"tatvic"** lig asook die **helder kundalini-lig** wat ek ervaar het tydens die opwekking van die kundalini deur die verskillende chakras.

- Ek verloën my geloof in die **wette van Karma** (oorsaak en effek).

- Ek verloën elke **reinigings oefening** (Nadis) van my senu-stelsel en verstand waaraan ek deelgeneem het.

- **Ek verbreek die skakel tussen die:**

  - Demoon van meditasie
  - Familiêre voorwerp gebruik (kan lotus posisie wees)
  - Demoon van fantasie en die
  - Bewustelike verstand, sowel as die
  - Onbewustelike, semi- bewussyn en onderbewussyn in die Naam van Jesus.

- Ek verbreek enige verbindinge met die **kosmiese vibrasies wat my siel versprei het** en ek beveel my siel om weer terug te keer vanaf die sewe kosmiese vlakke, in Jesus Naam.

- Ek verbreek die vloei van krag en die **vals eenheid** (Yin Yang) wat deur my **vingers** gevloei het. Ek **skei die valse enheid** en isoleer die demoniese magte van mekaar.

- Ek **verbreek die skakel** met alle kosmiese magte, in die Naam van Jesus!

- Ek vernietig die **energie vlakke**, sowel as enige **valse auras**, in die Naam van Jesus.

ASEMHALINGSOEFENINGE

- Ek verloën die twee wortels van **Hatha Joga** naamlik

  ha – son
  tha – maan

  en die vloei van die asem deur die regter neusholte (son-asem) en deur die linker neusholte (maan-asem) in die Naam van Jesus Christus.

  Ek verloën enige beheer oor my asemhaling. Ek verbreek elke spesifieke asemhalingtegniek wat ek gebruik het (noem dit).

  Ek verbreek die **hipnotiese krag** van die asemhalingstegnieke in Jesus Naam!

  Ek verloën my geloof in prana yama (asem positiewe lug in en blaas negatiewe lug uit) en dat hierdie prana yama my liggaam weer opgebou het met energie (vital energy – prana)

- Ek verloën elke reinigingsoefening van my senuweekanaal (nadis) en my verstand, waaraan ek deelgeneem het.

- Ek verloën elke yoga posisie (asana) waar demone my binnegedring het en beveel elke demoon om my nou te verlaat in Jesus Naam! (Wees spesifiek en noem posisies – gewoonlik Kobra, Lotus, Poustand, ens. 12 basiese asana word vir Westerse Jogis aanbeveel)

Ek verbreek die koppeling tussen elke joga posisie, my senuweestelsel en my verstand in Jesus Naam.

Ek bely dat Christus my vrygekoop het van die wet van sonde en die dood en dat ek nou in Christus lewe, deur die Wet van die Gees. **(Rom 8:2)**

Ek verbreek die **vloek van die dood** oor my in Jesus Naam en die **vrees vir straf/pyniging** stel ek kragteloos in my lewe.

Dankie Jesus!

AMEN!

Verskillende tipes Joga:

- Bhakti Joga – selfbeheer en godsdienstige onderhouding
- Mantra Joga – toegewy aan die spreek van die naam van Krishna en ander oproepinge
- Karma Joga – die pad van werk en diens
- Jnana Joga – die weg van die intellek
- Raya (koninklike) Joga – die sintese van Bhakti, Karma en Jnana Joga.

3. GEBED VIR BEVRYDING VAN AKUPUNKTUUR

In die Naam van Jesus verwerp en verloën ek ook die volgende gebruike en handelinge en verklaar dit as misleiding en dwaalleer:

1. Enige vorm van **akupunktuur** - indruk van naalde op sekere senuweepunte.

(**Berader:** trek enige naalde in die geesteswêreld uit, salf en vra dat alle gifstowwe sal disintegreer en alle letsels verwyder sal word en herstel.)

In die Naam van Jesus Christus verwerp ek **Taoïsme** en **Panteïsme**, die oorsprong van akupunktuur. Ek sny myself los van al hierdie wortels en vra dat U dit sal laat verdroog en met U verterende vuur sal verbrand. Ek verloën die wortels van Taoïsme en bely en verklaar:

- dat daar ‘n persoonlike God is (**Gen. 14:19**); dat God die Vader en Jesus Christus hul woning in die hemel het (**Ps. 20:7**);
- dat alle mense ontbreek aan die heerlikheid van God; dat alle mense in sonde gebore word en ‘n Verlosser nodig het; dat ons ‘n Verlosser het in Jesus Christus van Nasaret wat ons vrygekoop het van die vloek van die wet. Sy bloed reinig ons van alle ongeregtigheid. (**I Joh. 5:11, 12; I Joh. 3:8**).

2. Ek verwerp en verloën Chi, die kosmiese gees, en verklaar die leerstelling dat hy alles in stand hou, as ‘n misleiding uit die hel. Ek verklaar dat God, Jahweh, die hele wêreld geskep het en in stand hou.

Ek verwerp en verloën die **chi-energie** in die liggaam, asook die twee sisteme, nl. die **Yin en Yang**, die 12 meridiane wat deur die liggaam vloei, asook die verband tussen die 12 meridiane en die 12 **Zodiaktekens**.

4. REFLEKSOLOGIE & AROMA-TERAPIE

Vader, ek vra vergifnis dat ek en my voorgeslagte **refleksologie**, **aroma-terapie** en **akupunktuur** beoefen het. Ek verwerp ook die leerstelling dat ek deur hierdie bogenoemde dinge te beoefen, myself kan genees en daarom nie vir God nodig het nie. Ek verklaar en bely dat Jesus Christus aan die Kruis van Golgota my siektes en droefhede gedra het sodat ek genesing kan verkry (**Jes. 53:4**).

In die Naam van Jesus verwerp ek ook die volgende Taoïstiese leerstellinge wat die basis vorm vir Hindoeïsme, nl.

1. dat alle siektes se oorsprong is uit die **wanbalans** tussen die Yin en Yang;

2. die **Yin en die Yang** as **simbool** van **Karate** en die **wortels** van Karate, nl. Boeddhisme en Taoïsme, wat weer die basis vorm vir Hindoeïsme en akupunktuur.

3. I Ching as die **Taoïstiese bybel**, asook alle geskrifte van waarsêery, towery en magie wat ook die eenvormige lering van **Hindoeïsme**, **Boeddhisme** en **Taoïsme** bepaal.

Hemelse Vader, ek vra vergifnis vir my en my voorgeslagte se betrokkenheid by hierdie gedagte skoling. Ek draai nou my rug hierop en stap weg van elkeen van hierdie leringe.

Ek verwerp, verloën en weerstaan alle Oosterse geeste, bose magte en demone wat hierby betrokke is. Ek bind, bestraf en weerstaan elke bose mag en beveel hulle om my onmiddellik te verlaat in die Naam van Jesus.

Ek verwerp en verloën alle vorme van Taoïsme en akupunktuur wat gewortel is in astrologie en die leer van die mikro-makrokosmiese. In die Naam van Jesus Christus sny ek myself en my nageslag los van alle **waarsêende geeste** en **astrologie**.

4. Ek verwerp die leerstelling dat die mens nie na die beeld van God geskape is nie, maar slegs ‘n projeksie is van die skepping. Ek verklaar en bely dat ek inderdaad na die Beeld van God geskape is (**Gen. 1:26**).

5. Ek verklaar dat die leerstelling wat sê dat die stand van **planete**, **son**, **maan** en **sterre** die mens se eindbestemming bepaal, ‘n leuen uit die hel is.

6. Ek verwerp en verloën ook die volgende dele van die anatomie wat gebruik word as oop deure vir die bose, nl.
   i) die oorskulp.
   ii) polsslag.
   iii) handpalm.
   iv) voetsole.
   v) naels.
   vi) iris van die oog.

Ek draai nou my rug op akupunktuur en stap weg van alle ongoddelike altare en afgode. Ek vra vergifnis omdat ek en my voorgeslagte die volgende instrumente m.b.t. akupunktuur gebruik het, nl. **radionics**, **black box**, **De la War-masjien** en **Kirlan-fotografie**.

Ek verwerp en verloën ook die gebruik van **auras** in die leringe van Boeddhisme, Hindoeïsme en die Nuwe Era.

Ek verklaar die volgende leerstellings as onbybels, onwaar en misleidend, nl.

1. dat alle mense gestolde energie is.
2. dat die mens se aura m.b.v. die ossilloskoop getoets kan word.
3. die chakra-wiel van lig en kleur wat ‘n persoon se aura bepaal.

Ek verwerp en verloën die **kleure** van die **Chakra-wiel** en sny my en my gesin nou los van elke kleur van hierdie wiel, nl.

i) **rooi** – genetiese kodering, instinkte.
ii) **oranje** – maan chakra – seksuele dryf, vrugbaarheid.
iii) **geel** – son chakra – persoonlike mag.
iv) **groen** - hartsentrum van astrale lig.

v) **blou** - tydsbeheer.
vi) **pers** - kunste, musiek, digkuns, danse, dramas, literatuur en wetenskappe.
vii) **wit** - sentrum waardeur die siel die liggaam verlaat tydens astrale projeksie.

4. Alle genesings d.m.v. **auras**, die **pendulum**, **klokke** of die sg. "ghong".

Vader, in die Naam van Jesus Christus verwerp en verloën ek nou ook die **Kundalini** (**slanggod**) die Hindu slang wat met 3½ kronkelinge van sy liggaam, **stert in die bek**, **gekoppel is aan die menslike ruggraat**. Ek vra om vergifnis dat ek aan hierdie Kundalini-krag geglo het en vra dat U my asb. sal lossny van hierdie mag.

Ek vra ook vergifnis dat ek hierdie Kundalini-krag die mag gegee het oor my liggaam deur die beoefening van die verskillende **Joga-posisies**. In die Naam van Jesus Christus van Nasaret en met die swaard van die heilige Gees, sny ek nou myself en my nageslag los van hierdie Kundalini-krag. Ek verwerp en verloën ook **Shakti** en **Shiva** wat, as hulle verenig, die Kundalini-slang opwek. In die Naam van Jesus Christus **isoleer ek nou Shakti, Shiva** en die Kundalini-slang van mekaar en beveel ek hulle om my onmiddellik te verlaat. Ek verjaag ook hulle **poortwagters**, skeur al hul **indiensnemings-papiere** op en kanselleer al hul opdragte. Vader, sal U hierdie deure asb. nou toemaak en verseël met die Bloed van Jesus Christus van Nasaret. Ek sny nou ook in Jesus Naam my **sielsverbintenis** met aldrie hierdie bose magte.

Ek verwerp en verloën ook al die volgende **Hindoeïstiese ideologieë** en **leerstellings** en vra vergifnis vir my en my voorgeslagte se geloof daarin, nl.

1. dat verlossing alleen moontlik is as jy met die hulp van 'n Goeroe tot die insig kan kom dat jy self god is.

2. dat reïnkarnasie jou help om een te word met die heelal; dat dit alleen kan gebeur as die Atman (vonkie) in my verenig met **Brahman** (vuur).

3. dat ek op **gereelde tye**, stiptelik getrou, elke **Surya Namaskar** (sonaanbidding) oefening moet doen om die songod tevrede te stel. Ek vra vergifnis vir die reekse oefeninge en liggaamsposisies wat ek daagliks met **sonsopkoms** gedoen het.

4. Ek verwerp alle vorme van Joga wat eenwording met die Hindoe-gode ten doel het. (Sonder hierdie eenwording sal daar nie saligheid wees nie.)

Ek verklaar en bely dat verlossing alleen moontlik is deur die Seun, Jesus Christus, as my Saligmaker en Verlosser aan te neem (**Hand. 4: 10-12**).

5. Ek verwerp die idee dat daar nooit bevryding kan wees uit die Moksa/Karma-wiel van reïnkarnasie nie. Ek erken dat daar geen vergifnis in Karma is nie; die vergifnis is slegs in Jesus Christus. Die **toestand van nirvana** kan jou nooit verlos uit hierdie bose kringloop nie, slegs die oorwinnende Krag van die Kruisdood van Jesus Christus.

6. Ek verloën dat Joga die enigste middel tot selfverlossing is. Ek verklaar en bely dat Jesus Christus van Nasaret my enigste verlosser is (**Ef. 1:7**).

7. Ek verloën dat Joga slegs ‘n **gesondheidskuur** is. Ek verklaar dat dit ‘n leuen is, want dit vorm die basis van die Hindoeïstiese saligheidsplan. Ek verwerp en verloën nou elke gees van **dwaalleer** en **misleiding** en beveel hulle om my onmiddellik te verlaat, in die Naam van Jesus Christus.

8. Ek verloën dat die mens slegs deur die beoefening van Joga volmaakte vrede kan verkry. Ek verklaar en bely dat die ware vrede slegs in Jesus Christus is (**Rom. 5:1**).

9. Ek verloën dat Joga nie ‘n godsdiens is nie. Ek verklaar dat dit wel ‘n godsdiens is en die fondament is vir die beoefening van Hindoeïsme.

Ek verklaar en bely dat Joga in werklikheid die volgende dinge ten doel het en daarom ‘n gruwel in die oë van God is:

1. Dit bied ‘n oop deur vir sataniese invloed, bv. die lering dat die hemel en die hel nie bestaan nie, maar bloot ‘n produk is van die gemoed/emosies.
2. Om kontak te bewerk met die Hindoe-god, **Brahman**.
3. Om reekse **mantras** (gebede) oor en oor te herhaal om sodoende eenwording met Brahman te bewerkstellig. (Woorde soos bv. Hare Krishna, Hare Krishna, Hare Roma, Hare Roma, Hare, Hare, Hare.)
4. Om met elke liggaamsposisie aanbidding en eer aan die Hindoe-gode te gee, bv. deur die volgende posisies: lotus, kat, kobra, pou, koei, ploeg, vis en kameelruiter - wat alles daarop gemik is om ‘n eenwording met die Kundalini-slang te bewerkstellig.

Ek vra vergifnis vir elke **liggaamsposisie** wat ek beoefen het waardeur ek aanbidding en eer gegee het aan die Hindoe-gode. Sal U asb. al hierdie ongoddelike aanbidding uitkanselleer en stilmaak in die geesteswêreld sodat dit nie meer teen my kan getuig nie.

5. Om d.m.v. Joga kontak te maak met alle Hindoe-geeste.
6. Om d.m.v. Joga die geestelike liggaam vry te maak wat deur die fisiese liggaam gebind word.
7. Om d.m.v. Joga-asemhalingsoefeninge die mensgees oop te maak vir die kosmiese gees, Ki/Chi.
8. Om in Hindoeïsme al die volgende dinge te gebruik om die Hindoe-geeste op te wek, nl. Joga, bioritme, alfa en beta breingolwe, homeopatie, akupunktuur, holisme, refleksologie en aromaterapie.

Ek verwerp en verloën nou al die voorafgaande dinge en draai my rug daarop. In die geesteswêreld stap ek nou weg van Hindoeïsme, sy gode en afgode en vra dat U asb. die brug na Hindoeïsme nou vir ewig agter my sal verbrand, in die Naam van Jesus.

Ek verwerp en verloën ook al die volgende vorme van Joga, nl.

1. **Hatha Joga** - liggaamsposisies en asemhalingsoefenige.
2. **Kundalini Joga** - opwekking van die kundalini-krag en valse genesings.
3. **Tantra** - perversie op seksuele gebied.
4. **Karma Joga** - regte aksies, totale onselfsugtige bediening.
5. **Bhakti Joga**.
6. **Jnana Joga** - wysheid en bestudering van geskrifte.
7. **Raja Joga** - meditasie en filosofieë.
8. **Integrale Joga**.
9. **Patanjali Joga** - gebruike van handboeke.

Ek verwerp en verloën nou alle **liggaamsposisies** of **asemhalingsoefeninge** (asanas en pranayama) of joga wat die "vital energy" (demoniese magte) opgewek het en sny myself en my nageslagte nou los van al hierdie dinge in die Naam van Jesus Christus.

Ek verwerp ook die volgende **wortels van Hindoeïsme** en vra dat U hierdie wortels sal verdor en verbrand met U verterende vuur:

1. Asketisme.
2. meditasies.
3. fisiese asemhalingsoefeninge.
4. astrale projeksies.

Ek verwerp en verloën ook alle vorme van towery, verstandsbeheer, vuuraanbidding, swart kunste (Lamas), toestande van verrukking, zombies, Alants, Maccumbas, voedoe-toordokters, Goeroes en al hul rituele en leerstellings. In die Naam van Jesus Christus verbreek ek alle sielsverbintenisse met enigeen van hierdie persone en vra dat U my asb. sal herstel in die regte verhouding tot U. Ek vra vergifnis vir my betrokkenheid by al hierdie dinge.

Ek distansieër myself nou ook van die **doel van meditasie**, nl. om die slegte Karma wat in die onderbewuste is te elimineer, die gedagtes skoon te maak van alle slegte skuldgevoelens en 'n superbewussyn te kweek wat my 'n god in eie reg maak wat my eie lotsbestemming kan bepaal.

Ek verklaar en bely dat slegs die bloed van Jesus Christus my kan reinig van alle sondes (**I Joh. 1:7**).

In die Naam van Jesus Christus verwerp ek nou alle **Hindoeïstiese rituele**, nl.:

- die **inlywingsritueel** - die plasing van ses blomme (stel lewe voor), drie stukkies vrugte (stel saad van die lewe voor) en ‘n wit sakdoek (stel reiniging van die gees voor), op ‘n tafel voor die foto van Shri Guru Dav, terwyl ‘n ander Goeroe ‘n lied sing (Puja, Vedi) lof ter ere van die **gestorwe meesters**.

- Ek verwerp en verloën ook die **geheime mantra** wat ek ontvang het in die Naam van Jesus Christus en vra dat u asb. hierdie woord uit my gedagtes sal brand met U verterende vuur.

Ek verklaar en erken dat Hindoe-meditasie die volgende bose werke verteenwoordig, nl.

1. self-hipnose.
2. self-vergoddeliking.
3. natuurlike, aardse godsdiens verhef tot die goddelike.
4. demoniese misleiding, dwaalleer en leuens is.

Laastens verwerp en verloën ek die volgende **leerstellings van Hindoeïsme**, nl.

1. dat die ego van die mens **voortreflik** is en **innerlik** is, m.a.w. sonder begin en einde, sonder geboorte - of sterfdag – en dat die beoefening van Joga die samevoeging is van die fisiese en metafisiese wêreld. Ek verwerp en verloën ook alle vorme van die mistieke, okkulte en towery in die Hindoe-sisteem in die Naam van Jesus Christus van Nasaret.

2. Ek verwerp ook al die **fases van Joga**, nl. die beheer van my liggaam en onderbewussyn, die beheer van my onderbewussyn en my bloedsirkulasie, die bemeestering van alle natuurlike kragte, swart kunste en towery.

3. Ek verwerp en verloën alle vorme van **bio-terugvoer**, silva verstandsbeheer, TM, Joga, mantras en asemhalingsoefeninge, verstandsbeheer, self-hipnose, hipnose, ESP, alle spiritistiese bedrywighede, alle vorme van **heldersiendheid**, Joga **fiksheidskassette**, alle vorme van **visualisering** en **meditasie** en **astrale projeksies**.

Ek vra vergifnis vir my en my voorgeslagte se betrokkenheid hierby in die Naam van Jesus Christus van Nasaret.

In die Naam van Jesus Christus draai ek nou my rug op hierdie praktyke van Satan. Ek neem my grondgebied terug, skeur al Satan se kontrakte op en verjaag elke **poortwagter**.

Ek stap nou finaal weg van alle Hindoeïstiese afgode, leerstellings, altare, rituele en praktyke en gee my totaal oor aan die Heerskappy van God die Vader, en van Jesus Christus die Seun, en die Heilige Gees van God.

Ek maak vandag ‘n onberoulike, onomkeerbare keuse vir die Koninkryk van God en onderwerp nou my gees, siel en liggaam aan die Koninkryk van die Waarheid, nl. Jesus Christus van Nasaret. Ek kies nou om alleenlik Hom te vertrou en aan te neem as my persoonlike Saligmaker en my Verlosser.

AMEN.

5. INLIGTING AAN DIE BERADERS:

Chakras is genoem volgens die Sanskrit vir wiel. Hulle word dikwels uitgebeeld as draaiende lotusblare met verskeie kleure. Chakras is psigiese energie sentra, geleë by die belangrike punte van die liggaam.
Volgens die tradisionele seining van joga, het ons sewe chakras of energie-sentra wat deur die liggaam geplaas is.
Verskeie stelsels in joga sal effens verskillende simbole, kleure of selfs name aan die chakras gee. Die universele lewenskrag gaan skynbaar binne deur die kroon chakra en word afgefilter deur die ander chakras, waarvan elkeen die energie omskakel tot die toepaslike vorm vir die funksie wat dit moet vervul.

Kundalini energie beweeg in die teenoorgestelde rigting vanaf die wortel chakra boontoe. Kundalini beteken 'slang' of 'slang-krag' in Sanskrit. Kundalini is die basiese energie wat die chakras van binne dryf, en dit word uitgebeeld as 'n gekronkelde slang wat by die basis van die ruggraat slaap. Dit beweeg op deur die liggaam op 'n spiraalvormige, psigiese pad, aktiveer die verskillende energie-sentra en verander van kleur, en word mettertyd helderder en bleker, totdat dit tevoorskyn kom deur die kroon chakra as 'n suiwer wit lig om te meng met die energieë van die kosmos.
Deur dit 'oop' te maak deur visualisasie, is 'n effektiewe metode van voorbereiding vir psigiese werk en kan ook gebruik word om psigiese kanale toe te maak. Hierdie chakras moet ten volle "oopmaak" wanneer astraal geprojekteer word.

BASIES, SAAD OF WORTEL CHAKRA (MAMADHARA)

Die chakra van die aarde. Die rooi chakra. Geleë by die basis van die ruggraat. Reguleer ons instinkte en genetiese kodering. Fokus op fisiese bestaan en oorlewing. Die chakra van moed en fisiese krag. Sy simbool is die geel vierkant.

SAKRALE OF PELVIESE CHAKRA (SVADHISTHANA)

Die chakra van die maan. Die oranje chakra. Geleë naby die geslagsorgane en voortplantingssisteem. Reguleer ons seksuele dryfkrag en energie. Fokus op alle aspekte van fisiese bevrediging, tuiste van die vyf sintuie. Die chakra van alle vorme van vrugbaarheid, behoeftes en begeerte. Sy simbool is 'n wit halfmaan.

SONNEVLEG CHAKRA (MANIPURAKA)

Die chakra van die son. Die geel chakra. Geleë by die naeltjie. Reguleer ons gevoel van persoonlike mag. Fokus op gelykwordende ervaringe. Chakra van mag, vasberadenheid en gefokusde wil. Sy simbool is 'n rooi driehoek.

HART CHAKRA (ANAHATA)

Chakra van die vier winde. Die groen chakra. Geleë oor die hart. Reguleer ons emosies. Fokus op emosies en simpatie. Chakra van liefde en verhouding met ander. Sy simbool is ‘n blou seshoek.

KEEL CHAKRA (VISHUDDHA)

Chakra van tyd en ruimte. Die blou chakra. Geleë naby die stembande in die middel van die nek. Reguleer ons vermoë om te kommunikeer. Fokus op ideale, idees en ware kommunikasie. Chakra van waarheid en altruisme. Sy simbool is ‘n wit sirkel.

DERDE OOG OF WENKBROU CHAKRA (SAVIKALPA SAMADHI of AJNA)

Chakra van vryheid. Die pers chakra. Geleë tussen die wenkbroue. Reguleer ons intellek. Fokus op inspirasie en psigiese bewustheid. Chakra van koppeling met ander dimensies. Sy simbool is die wit driehoek.

KROON CHAKRA (NIRVAKELPA SAMADHI of SAHASRARA)

Chakra van ewigheid. Die wit chakra. Geleë bo-op die kop. Reguleer ons geestelikheid. Fokus op geestelike bewustheid en eenheid met ons hoër self. Chakra van wysheid en begrip. Sy simbool is ‘n wit Lotusblom. Dit is ‘n twee-rigting chakra, want dit ontvang lig vanuit die kosmos.

CHAKRAS IN ASTRALE PROJEKSIE

Suksesvolle projeksies vind plaas onder ideale omstandighede. ‘n Persoon sal moet poog om ‘n gepaste, stil vertrek te vind, enige steurende geraas soos telefone, uitskakel, sy fisiese gerief en klere, die lig en atmosfeer in die tyd en die tyd van die dag en irritasies in die liggaam veroorsaak deur sy ego status. Nadat hierdie ideale omstandighede geskep is, lê die persoon op sy rug met sy arms langs die sye in die joga “lyk” posisie. Nou word ontspannings-oefeninge gedoen, terwyl na die voete gestaar word en geëindig word bo op die kop. Wanneer die persoon ontspanne is, begin hy met sy visualisasie oefeninge. Met toe oë word die **shamanistiese simbool** vir universele bewustheid gevisualiseer, dis die sirkel met die kruis daarbinne sodat die sirkel in vier dele verdeel word.
Nou word gevisualiseer dat by elke chakra ‘n klein sakkie is wat toegetrek is met ‘n toutjie. Daar word begin by die basis / wortel chakra, en die sakkie word ‘oopgemaak’. Die losmaak van die toutjie word gevisualiseer, asook hoedat die sakkie oopgemaak word en die chakra se simbool kom uit die sakkie en wag op die sakkie. So word daar voortgegaan met die oopmaak van die chakras – vanaf die basis/wortel chakra tot by die kroon chakra, terwyl ‘n stroom energie vrygestel word wat die persoon se bewustheid daarmee saamneem as dit uitgaan deur die kroon chakra.

INLIGTING OOR SEKSMAGIE EN TANTRA

Sommer van die begin af is dit belangrik om te onthou dat die okkulte altyd die teenoorgestelde van God se waarheid sal doen of dit sal verdraai.

Seks is deur God geskep om te dien as

- ‘n geestelike eenheid tussen ‘n man en ‘n vrou
- ‘n heilige daad tussen twee mense van die teenoorgestelde geslag, verenig in die huwelik
- ‘n manier om uitdrukking te gee aan liefde
- ‘n manier van voortplanting

Seksmagie behels

- om uitdrukking te gee aan, en bevryding van bewustheid
- om ander toestande van bewussyn te bereik
- seksualiteit te vergeestelik
- om “eenheid” te bereik met universele lewens-energieë, kosmiese magte en die “goddelike” wat koppel aan ander dimensies
- die gebruik van die verstand om “psigiese” mag te bereik deur die mag van orgasme
- stel seksuele energie vry en benut Kundalini
- skakel in by primitiewe en kreatiewe energie

Seks is die daad wat God geskep het en seks deur tantra (seksmagie) is baie ver daarvan verwyder. Seksmagie se basis of wortel is in Tantra, baie dieselfde as wat numerologie in Kaballa gebaseer is.



Wanneer na alles gekyk is, onthou dat alle magie, seksueel of andersins, heksery is en heksery is ‘n gruwel. Hierdie mag het te doen met Oosterse godsdienste – meditasie, joga, karate, ens. Dit is ‘n sogenaamde **“wit slang”** wat **opgedraai lê in die basis van die ruggraat** in die **basis chakra,** en word opgewek wanneer bogenoemde kunste beoefen word. Wanneer Christene nie hul betrokkenheid verloën het nie, het hulle gewoonlik las van onder andere **laerug probleme.**

In die Oosterse godsdienste, staan die bewuste skepping en stimulasie van seksuele energie bekend as **Tantra.** Die idee van **Tantriese seks** is om die **seksuele energie** te stimuleer wat in die **basis van die ruggraat** gehou word, bekend as die **Kundalini energie.** Dit is gesimboliseer as **oopkronkelende slange** en in Tantra beheer en vertraag die deelnemers **orgasme** om die kundalini te hervorm vanuit sy oorspronklike posisie (ching) na hoër energie (ch’i) en laastens sy hoogste uitdrukking (shen). Die stimulering van die kundalini word beskryf as **“aansteek van die innerlike vuur”**. Tantra is ontwerp om hierdie proses af te handel op ‘n meer beheerde manier.

Wanneer die Kundalini eers wakker gemaak is, het jy ‘n voortdurende toevoer van geweldige kragtige energie waarmee enigiets wat jy wil, geskep kan word. Die **sataniste** gebruik **seks** as ‘n fundamentele deel van hul ritueel, sodat hulle hierdie seksuele kundalini mag kan tap vir hul afskuwelike prosesse.

Seksmagie kom voor in baie vorme en gedaantes, verskuil onder **Hindoe** en **Nuwe Era** rommel-tjommel, en om seksmagie te verstaan, sal jy sy wortels in Tantra moet verstaan.

In werklikheid is daar ‘n veel donkerder waarheid agter wat die **Tantriese Meesters** leer. Joga, meditasie, konsentrasie op “leegheid, mantras en die lediging van die verstand van gedagtes, lei alles tot verhoogde toestande van bewustheid.

‘n Verhoogde toestand van bewustheid is soortgelyk aan **selfhipnose** of die oopmaak van die gees vir **kosmiese magte.** Dit skep ‘n poort na die siel. Dit plaas die beoefenaar in die posisie van sielsbeheer en demoniese besetting.

Jy bereik nie **Nirvana** of paradys nie.
Jy bereik nie eenheid met “god” nie.
Jy “ontwikkel” nie tot ‘n hoër karma nie, ook verbeter jy nie jou reinkarnasie nie.
Jy bereik nie ‘n hoër vlak van bewustheid of ontwikkeling nie.

Jy word beset!!!!!
Jy word verstrik.
Jy word in ‘n okkulte web vasgetrek.
Jy dink jy het ingeskakel by kosmiese magte.
Jy dink jy het jou gees verlig.
Jy dink jy het eenheid bereik met die “goddelike”.

Jy is jammerlik verkeerd en op die punt om aaklig ontnugter te word.
Jy is nie ‘n seks towenaar nie, jy beoefen heksery, ‘n gruwel voor God.
Jy het geen seksuele mag nie, jy word deur magte beheer.
Jy word beheer en gebruik deur satan om sy planne uit te voer.

Tantra wil hê ons moet glo dat seksmagie rein en heilig is.
Daar is verskeie maniere om seksmagie te gebruik en dit alles is boos.

Seksmagie word deur satan gebruik om die volgende te skep

- Sielsbeheer
- Sielsbande
- Oordraging van geeste

Seksmagie handel oor

- die gebruik van seks as ‘n wapen
- inskakeling by kosmiese magte om jou eie einde te bewerk
- beheksing van jou maat
- tap krag van jou maat
- dwing dominansie af oor jou maat se gees
- onderdrukking en beheer van jou maat om range te verkry
- gebruik ‘heilige orgasme’ om krag vir magie op te wek
- betree iemand anders se siel

Voorbeelde voorheen genoem:

- slaap met ‘n medium om toegang te verkry tot die demone wat sy gebruik om dinge te “sien”
- gebruik visualisasie en fantasie om iemand onder ‘n towerspel te plaas
- beheer en manipuleer jou teiken se huwelik
- oorweldig ‘n okkulte mededinger in die stryd om ‘n rang
- vind ‘n poort in jou teiken se onderbewussyn

LOTUS POSISIE



SAHASRARA CHAKRA
WIT.
MAAN ELEMENT.
VERNUWE LEWENSKRAG EN SKENK AAN JOU ONEINDIGE JEUGDIGHEID

AJNA CHAKRA
VIOLET.
DERDE OOG BESIT ONTSETTENDE PSIGIESE KRAGTE.
VERNIETIG KARMA VAN VORIGE LEWENS.

VISUDHA CHAKRA
BLOU.
TYD EN SPASIE.
VLOTHEID VAN SPRAAK.

ANAHATA CHAKRA
GROEN.
EMOSIES.
VIER WINDE.
POSISIE VAN PRANA
SKENK PSIGIESE KRAGTE AAN JOU.

MANIPURA CHAKRA
GEEL.
SON.
BUIKVLEG.
VUUR ELEMENT.
VERMOë: OORKOM VERDRIET EN ELIMINEER SIEKTES

SWADHISHATANA CHAKRA
ROOI.
SAAD / WORTEL.
SENTER VAN DIE AARDE.
WOONPLEK VAN DIE KUNDALINI.

MOOLADHARA CHAKRA
ORANJE.
MAAN.
“HEILIG” / PELVIS
WATER ELEMENT OOR SEKSUELE DELE.

6. MEDITASIE

Ek verloën die lotus posisie as ‘n familiêre voorwerp vir meditasie om my konsentrasie te bevorder. (Kan ander posisies / voorwerpe wees)

Ek verbreek die koppeling tussen die

1) demoon van meditasie
2) die familiêre voorwerp gebruik (kan lotus posisie wees)
3) die demoon van fantasie en verbeelding en die
4) bewussyn asook die
5) onbewussyn, semi- en onderbewussyn in Jesus Naam.

Ek verbreek enige kontakte met kosmiese vibrasies wat my siel verspei het en beveel my siel om terug te keer van die sewe kosmiese vlakke, in Jesus Naam.

Ek verbreek die vloei van krag en die valse eenheid (Yin en Yang) wat deur my vingers gevloei het. Ek trek hulle uitmekaar en isoleer die demoniese magte van mekaar.

Ek verbreek die koppeling met alle kosmiese kragte in Jesus Naam.

Ek vernietig die energievlakke in die Naam van Jesus.

7. MUDRAS

Ek verloën hierdie **spesiale** tegnieke waaraan ek deelgeneem het om die slapende, latente mag (kundalini) op te wek en uit te dryf in die sentrale buis van die senuweekolom.

Ek verloën my geloof in my Guru/Meester (deva) en my on-voorwaardelike gehoorsaamheid aan hom/haar. Ek sny die sielsverbintenis met (naam) af en maak myself los van hom/haar in Jesus Naam.

Ek verloën alle **psigiese kragte / gawes** in die Naam van Jesus maak die **derde oog** toe (Seat of Shiva)

Dankie Here, dat U my nou vrymaak. Dankie Jesus, dat U alles vir my gedoen het om regverdig te kan staan voor ons Vader in die Hemel. Ek weet nou dat dit slegs U Bloed is wat my reinig en aan my die reg gee om in die Allerheiligste te kom. Ek bely dat ek minder moet word sodat Christus meer kan word in my lewe. Ek plaas myself volkome gees, siel en liggaam onder U heerskappy. U is waarlik die **ENIGSTE WEG**, die **WAARHEID** en die **LEWE** tot in alle ewigheid!! Dankle vir die **WAARHEID** wat my vrymaak!

AMEN.

BERADERS: Areas wat aangespreek moet word:

Trots, selfverheffing, godsdiensgeeste, Antichris, Valse Christus, Veroordeling, Anoreksia, selfpyniging, marteling, erge depressie, wanhoop, selfmoordneigings, pyne in bene (hele liggaam), rugpyn, kwaai hoofpyne, binding oor verstand, hulpeloos, ontsettende skuldgevoelens, selfverdoeming.

8. KARATE

- Ek verloën die twee wortels waaruit Karate gegroei het naamlik die **Sjinese gevegskunste** (sluit in Kung Fu) en die **Okinawese gevegskunste**.

- Ek verloën Bhudidharma (‘n Indiese Zen Buddhis) wat die vernaamste teorie aangaande die Oosterse gevegskunste ontwikkel het.

- Ek verloën enige verbintenis met die **Shaolin-tempel** waar karate ontstaan en ontwikkel is.

- Ek verloën **Buddha** asook enige vorm van aanbidding / verering aan hom. Ek bely dit as afgodery en vra omvergifnis in Jesus Naam.

- Ek verloën die leerstelling van **Zen** (Find “god” in yourself / Find “enlightenment” from within) asook elke **“Kata”** (reeks oefeninge wat in ‘n vorm saamgevat is) wat as hulpmiddel vir meditasie gedien het.

- Ek verloën elke dissipline van die verstand om my verstand my eie meester te maak en alle geloof wat ek in **myself** gehad het in Jesus Naam.

- Ek verloën die leerstellinge van **Taoisme** wat bepaal dat daar bonatuurlike energie bestaan wat aan alles lewe gee en aan die lewe hou. Ek verloën hierdie “KI” energie asook elke “Kiai” wat ek met my mond geskree het om hierdie energie te aktiveer om sodoende ‘n beter uitwerking op ‘n tegniek te verseker.

- Ek verloën **Funakoshi** (die “vader” van Karate) wat Karate ontwikkel het tot ‘n praktiese wyse waarop Zen uitgeleef kan word.

  Ek verloën die geloof in Karate: “The way of the empty hand” met die hoofdoel: perfeksie in karakter deur die verstand en die liggaam so goed te beoefen dat ek ‘n nuwe vlak van bewustheid bereik.

- Ek verloën elke vorm van meditasie naamlik:

- **Mukuso** (let op vir spesifieke posisies bv lotus)
- Meditasie deur normale oefensessies (“Moving Zen”)
- Meditasie deur herhaling van die grondbeginsels van karate.
- Ek verloën die doelstellings van karate naamlik:

- die bou van ‘n beter innerlike karakter
- die verwydering van all egosentriteit
- die dissiplinering van die brein en liggaam
- deur middel van meditasie (“Moving Zen”)
- student moet homself kan oorwin en leegmaak van sy eie ego en sodoende ‘n Zen-denkwyse ontwikkel.

- Ek verbreek elke **eed** wat ek afgelê het in die Naam van Jesus.

- Ek verloën my geloof in karate as een van die vele weë wat na lewe lei en dat ek dit as ‘n as ‘n **leefwyse** aangeneem het deur my ernstige **toewyding.**

- Ek bely dat Jesus Christus die ENIGSTE WEG, en die WAARHEID en die LEWE is, en dat niemand na die Vader kan gaan behalwe deur HOM nie.

- Ek bely dat ek net EEN God dien en erken dat ek voor ander gebuig het (selfaanbidding ingesluit). Ek vra om vergifnis in Jesus Naam.

- Ek verloën elke kata, elke skop en elke oorlogskreet wat ek beoefen het om demone op te roep en om hulle kragte te gebruik. Ek bely dit as ‘n sonde en lê dit neer in Jesus Naam.

- Ek verloën alle spesiale wapens asook chaka stokke wat ek gebruik het en lê hulle neer in Jesus Naam. Enige merke wat op my gemaak is tydens gevegte vra ek U, Here, om hulle te verwyder in Jesus Naam.

- Ek vra dat U die sielsverbintenis tussen my en my meester (Sensei) (naam is belangrik) sal sny en enige beheer wat oor my verstand uitgeoefen is sal verbreek in Jesus Naam.

- Ek gee al my range wat ek ontvang het van satan aan hom terug in Jesus Naam (ook enige spesiale toekennings/erekleure)

  (Range word gegee volgens kleur gordels: Wit, geel, oranje, bruin, swart. Eerste tot sewende Dan – hierdie vlak: 'floating master' met status in Japan)

- Ek verloën alle trots en selfverhoging wat deur my gewerk het asook enige geloof dat ek onoorwinlik is.

- Ek verloën alle geeste van selfvernietiging, vernietiging, moord en die dood in Jesus Naam.

AMEN.

9. NINJUTSU EN TAIJUTSU

Vader, God van Israel, dankie dat ek vandag, voor getuies in die sienlike en onsienlike, my betrokkenheid by Ninjutsu (gewapende stryd), en Taijutsu (ongewapende stryd), kan bely. Ek bely dat die oorspronge van hierdie kunste spruit uit die okkulte en psigiese magte en dat dit op geen manier versoen kan word met Christenskap nie. Siende dat die naam 'Ninjutsu' beteken: steel, roof of geheime, agterbakse, onderduimse kuns, verloën ek dit nou en bring ALLES wat hierdie area van my lewe betref, in die Lig van JESUS CHRISTUS, en erken Hom as my enigste Redder en Verlosser. Die volgende punte verloën ek nou beide in die fisiese sowel as in die geestelike realm.

Ek verloën die **nege vlakke van persoonlike ontwikkeling**, vanaf die basiese fisieke tot die hoogste geestelikheid.

Ek verloën die kuns van **visualisasie** wat gebruik word as 'n 6de sintuig ten einde situasies te bepaal om nie onverhoeds gevang te word nie; ook die gebruik van **meditasie**, **verstandsbeheer**, **hipnose**, **self-hipnose** en **psigiese krag**.

Ek verloën die tegnieke wat aan my geleer is, nl.:
1. Spioenering
2. Wapentuig
3. Ongewapende stryd
4. Gifsoorte
5. Sielkunde

Ek verloën **al 81 mistieke handseine** ("vingerbreiwerk") (kuji-kiri) wat gebruik word vir die **kanalisering van energie**, en ek bely en verloën die gedagtegang wat dit veroorsaak het. Ook verloën ek die praktyk van **verminderde asemhaling** deur in 'n **jogatipe hipnotiese staat** te verkeer.

Ek sny myself los van die energievlakke wat gekanaliseer is deur:
1. Aarde
2. Water
3. Vuur
4. Wind
5. Leemte

Ek verbreek en verloën die geloof dat Ninja-opleiding meebring dat die siel gereining word en dat daarna verwys word as die **'Ninja-hart'**. Ek bely dat my reinheid van hart slegs bewerk kan word deur afwassing met die Bloed van Jesus Christus van Nasaret en slegs vernuwe kan word deur Sy Woord.

Ek verloën die volgende **18 areas van kundigheid**:

1. **Geestelike suiwering**, wat behels dat die Ninja hom versoen met sy sterktes, swakhede, intensies, verpligtinge en persoonlike motivering. Deur deels filosoof te wees deur die mistieke leringe van die Shugendo, streef die Ninja daarna om homself in aanraking te bring met die **universele wette van die natuur**.
2. **Ongewapende stryd**, wat behels worsteling en ontsnapping, plus rol en spring.
3. **Ninja-swaard**, wat behels die vinnige trek van die swaard in tegnieke, sny en aanval.
4. **Stok- en stafgevegte**, behels die gebruik van 6vt. en 4vt. stawe.
5. **Shuriken-gooi** (sterre uit staal gemaak en dikwels in gif gedoop).
6. **Spiesgevegte**.
7. **Naginata-tegnieke** (spiesvormige wapen met gekromde lem) behels geveg met die hellebaard (lang paal met bylvormige kop).
8. **Ketting en sekelwapens.**
9. **Vuur en plofstof**, insluitende vernietiging en verwarringsmetodes.
10. **Vermomming en verpersoonliking**, insluitende persoonlikheids-eienskappe en loopbaanrolle.
11. **Skelm en indringingsmetodes** deur stil bewegings te kombineer met inbraak en binnedringing.
12. **Ruiterkuns**.
13. **Wateropleiding**, insluitende swem, dryf en uitgerekte asemophouding.
14. **Strategie**, insluitende onkonvensionele taktieke, misleiding, politieke sameswerings en gebeurtenisse met invloed.
15. **Spioenasie**, insluitende die werwing van spioene en die oprig van spioenasieselle.
16. **Ontsnapping en versteking**, insluitende kamoeflering en onsigbaarheidstegnieke.

17. **Weerkunde**, insluitende voorspelling en voordeel trek uit weerstoestande.
18. **Geografie**, insluitende terrein-kenmerke, kartering en gevegstrategie.

Ek bely en verloën die begeerte/roeping om die perfekte moord masjien/huursoldaat/sluipmoordenaar/spioen te wees.

Ek verloën die **geheime kodes** binne die Ninja-groep waaraan ek behoort het, en bring dit alles in die Lig van Jesus Christus. Ook verloën ek die **erekode van selfmoord** indien 'n sending sou misluk.

Ek sny alle sielsbande en verbreek alle ooreenkomste met my meester/s in die Naam van Jesus Christus van Nasaret. Ek verbreek ook alle verbonde met die gees van die dood en selfmoord.

Ek lê elke deel van my gevegsklere en wapen neer, beide in die fisiese, sowel as in die geestelike realm. Ek oorhandig my groen gordel en swart gordel in Jesus Naam.

As 'n vroulike Ninja (Kunoichi) bely ek die gebruik van **seksualiteit** vir verstrikking en moord. Ek verloën al die **reuke**, **parfuums**, **klere**, **onderklere**, ens. wat ek in hierdie verstrikkings-doeleindes gebruik het.

Ek verbreek die kontak met die volgende geeste wat aan my toegesê is gedurende Joga-praktyke:

- Krokodil
- Vis
- Kameel
- Kat
- Kobra
- Leeu
- Arend

Ek bely en verloën alle Joga wat gebruik is in samewerking met Ninjutsu ten einde my meer mag in vaardighede te gee, in Jesus se Naam.

AMEN.

10. ‘n WOORD AAN BERADERS

FASETTE VAN KUNG FU
Eerste faset

Gevegstegnieke demonies ge-inspireer en beheer.

Tweede faset

Alle kata’s, skoppe en oorlogskrete word gebruik om demone op te roep en hulle kragte en vermoëns te gebruik.

Derde faset

Meditasie met spesiale klem op die gebruik van die Lotus posisie.

Vierde faset

Spesiale wapens en die gebruik van chaka stokke (Die gebruik van hierdie stokke is ‘n manier om die persoon in die gees “te merk” en dit is nodig om spesifiek te bid dat die Here hierdie merke in die gees sal verwyder)

- Verbreek sielsverbintenis en lojaliteit aan die meester (naam is belangrik – baie beoefen verstandsbeheer [“mind control”] oor hulle studente)

- Die range word gegee volgens die kleurgordels. Satan gee ooreenkomstig range in die gees (ook vir spesiale toekennings / erekleure). Persoon moet range teruggee en alle demoniese vaardighede verloën en neerlê.

- Baie sterk trots en selfverheffing – neig om te glo in onoorwinlikheid.

- Geeste van vernietiging, selfvernietiging, moord en die dood.

- Wortels in die aanbidding van Buddha.

FASETTE VAN NINJA

Ninja beteken : “Vegtende soldaat vir die Koning” (Fighting soldier for the King”)

Hierdie **erenaam** en **titel** moet dus vernietig word.

Eerste faset

Geroep as ‘n ninja. Verloën die roeping as ‘n vegmasjien (fighting machine) asook sy vaardigheid as ‘n huursoldaat.

Tweede faset

Gevegstegnieke veral die wat geinspireer en beheer is deur oorlogsdemone (fighting and warring demons).

Derde faset

Meditasie. Dit is die gebruik van:

a) Meditasie
b) Verstandsbeheer. ("Mind control")
c) Hipnose
d) Selfhipnose en
e) Psigiese kragte

Om sodoende saam met die fisiese vaardighede die verstandelike vermoëns te koppel (power demons).

Vierde faset

Vernietigende vaardighede insluitend 'n moordgees, vernietiging, die dood.

- Erekode moet vernietig word – dit is: die verpligting om selfmoord te pleeg as die opdrag misluk – dus sal daar 'n selfmoordgees en 'n gees van die dood teenwoordig wees.

- Prinsgees wat oor krag / sterkte heers is Hercules (Planeet – mars) (Griekse god). Sny persoon los van hom.

- Vernietig sielsverbintenis en lojaliteit aan meester (naam is belangrik).

- Vernietig uniform
  1ste Swaard: gevegsswaard
  2de Swaard: rituele selfmoord swaard, nie net fisies nie maar ook in die gees.

- Vernietig oorlogsuitrusting

- Bose geeste gekoppel aan die songod, aanbidding van (**Deut.17:3**) Buddha.

- Sterkman – gees van Buddha
  Daar is demoniese kragte wat aanmekaar gekoppel is bekend as die "heilige vier". Hierdie magte moet van mekaar geisoleer word.

- Let wel: a.g.v. aard van demone sal manifestasie neig om baie heftig te wees en poog om te vernietig.

11. WOORDEBOEK VAN BASIESE TERME

Banzuke: ‘n Voorgeskrewe lys van mans wat hul weg oopveg deur die range van professionele Sumo; ‘n ranglys.

Basho: ‘n Sumo toernooi. In ‘n goedgekeurde kompetisie, bestaande uit sewe of vyftien rondtes wat strek oor ‘n periode van twee weke.

Dohyo: Die ring binne die vierkant waarin Sumo plaasvind.

Heya: ‘n Gebou gebruik om **rikishi** te huisves en op te lei. Dit sluit in slaapgeriewe, kookfasiliteite en opleidings **dohyo.**

Hon-basho: Enige van ses offisiële **basho** wat gehou word in elke onewe getal maand deur die Sumo **Kyokai.** Slegs hierdie stryde tel in die offisiële tellings wat gebruik word om die rikishi se range te plaas.

Jungyo: Die uitstallings bashos wat regoor die nasie gehou word te midde van die gewone basho skedule. Hierdie help in die werwing van nuwe rikishi tot die sport en gee ook ander mense ‘n kans om die rikishi van naby te sien. Die mees uitgebreide **Jungyo** is in Julie-Augustus, wat die Tohoku en Hokkaido streke dek.

Juryo: Die eerste van die twee professionele afdelings van Sumo. Dertig manne ding mee vir toegang tot die hoogste afdeling, **Makunouchi.**

Kachi-koshi: In ‘n toernooi, verkryging van die aantal oorwinnings wat ‘n beter as gewone persentasie verseker. Uit 15 rondtes, bv., word ‘n rikishi beskou as **kachi-koshi** op die punt wanneer hy 8 wenbeurte het.

Kimarite: Die name wat gegee word aan elke van die sewentig wen-tegnieke en twee onopsetlike metodes wat die resultaat van ‘n Sumo rondte beskryf.

Kin-boshi: Letterlik “goue ster”. Dit is ‘n salaris aansporing vir **Maegashira** met rang **sekitori** om **Yokozuna** te verslaan.

Kokugikan: Die Arena van die Nasionale Sport, in die Ryogoku omgewing in suidoostelike Tokio. Dit is die besondere fasiliteit waar **Hon-basho**, uittredings seremonies, Wêreld Amateur Kampioenskappe en ander geleenthede gehou word.

Komusubi: Die rang onder **Sekiwake,** maar bokant die Maegashira. Daar is gewoonlik twee of drie rikishi wat hierdie rang het. Meeste rikishi doen maar swak wanneer hulle vir die eerste keer bevorder word tot **komusubi** en word dan gedegradeer.

Kyokai: ‘n Amptelike vereniging of administrasie. Vir Sumo, beoefen die Nihon Sumo Kyokai die sport onder die Departement van Opvoeding.

Maegashira: Die laer rangordes van die Makunouchi afdeling, genommer van een (hoogste) tot 15 of 16. Daar is ‘n oostelike en ‘n westelike posisie op elke genommerde vlak. Die nommer van Maegashira rangordes word aangepas sodat daar ‘n totaal van veertig Makunouchi rikishi is.

Make-koshi: Die teenoorgestelde van kachi-koshi. In ‘n 7 rondte toernooi waar daar 4 verloorslae was, waarborg dit **make-koshi.**

Makunouchi: Ook genoem Makuuchi, hierdie is die top afdeling van Ozumo. Dit is saamgestel van die range van Yokozuna, **Ozeki**, Sekiwake, Komusubi en Maegashira.

Mawashi: Die dik gordel wat rondom ‘n rikishi gedraai word vir Sumo. Dit is op so ‘n manier gedraai dat dit die geslagsdele beskerm, sowel as dat dit ‘n manier bied aan die vegters om te worstel.

Oyakata: Stalmeester of afrigter. Die man wat alle stoeiers oplei en versorg in sy stal.

Ozeki: Die kampioen rang van Sumo. Terwyl laer range verkry kan word deur volgehoue oorwinning, moet hierdie rang toegeken word deur die Sumo Kyokai.

Rikishi: Letterlik, “sterkman”. Dit is ‘n veeldoelige term vir manne wat in Sumo betrokke is.

Sansho: Enige van drie spesiale pryse toegeken aan Makunouchi sekitori onder die rang van Ozeki. Hierdie is vir verhewe tegniek, verhewe prestasie en ‘n veggees.

Sekitori: ‘n Rikishi wie se rang in een van die twee hoogste afdelings van Sumo is, en wat ‘n salaris ontvang.

Sekiwake: Die junior kampioen rang van Sumo. Gewoonlik besit twee tot vier rikishi hierdie rang.

Sumobeya: Sien **Heya.** Wanneer verwys word na ‘n spesifieke heya, kan die agtervoegsel –beya gebruik word; i.p.v. om te sê dat Tosanoumi se heya Isenoumi is, klink dit beter om te praat van Tosanoumi, of Isenoumi-beya. Dit is makliker om te sê, “Kyk, daar is Izutsu-beya” as “Daardie heya is Izutsu”.

Torikumi: Die term vir ‘n individuele sumo rondte, of word ook gebruik om te verwys na die lys van rondtes vir ‘n hele dag.

Toshiyori-kabu: ‘n Finansiële term, dit is ‘n lisensie wat gekoop moet word van die Sumo Kyokai, ten einde ‘n posisie as **Oyakata** of afrigter te kan bekom. Daar is slegs ‘n beperkte aantal van hierdie posisies, waarvan elkeen ‘n naam besit. Huidiglik kos dit tussen twee- en vierhonderd miljoen yen.

Yokozuna: Die hoogtepunt van aktiewe Sumo, is dit die rang van hoofkampioen. Slegs 65 manne het al hierdie rang behaal.

Yusho: Die toernooi titel. ‘n Rikishi wen ‘n **yusho** deur meer wedstryde te wen as enige ander in sy afdeling, of indien twee manne gelykop is, te triomfeer in ‘n uitspeel wedstryd.

Woordelys:

Akupunktuur – Chinese sisteem van genesing deur gebruik te maak van naalde op sleutelpunte van die liggaam.
Atemi – Japanees vir die belangrike liggaamsdele, wat, wanneer aangeval word, pyn, besering of selfs dood tot gevolg kan hê.
Swart Gordel - Die vlak van bekwaamheid in Oosterse Gevegskunste waardeur ‘n student kan gradueer tot instrukteur.
Bokken of Bokuto - ‘n Houtswaard gebruik vir opleiding in Japanese Oosterse Gevegskunste.
Kat posisie – Gebruik in Kung Fu en Karate. Die gewig word op die agterbeen geplaas.
Middellyn – Die denkbeeldige lyn van Wing Cgun Kung Fu wat in die middel van die liggaam loop, die fokus van aanval en verdediging.
Ch’an – Chinees vir Zen, of meditasie.
Chi – Innerlike krag of energie wat aangewend word, veral deur beoefenaars van Tai Chi Chuan en Hsing-i.
Chudan - Die bors area van Japanese Oosterse Gevegskuns.
Dan – Japanees vir graad, toon rang van swart gordel aan.
Dim mak – Doods aanraking of hou op ‘n belangrike punt, veroorsaak verlengde besering of dood.
Do – Japanees vir pad of weg, ook gebruik as ‘n agtervoegsel, d.i. Kendo.
Dobok – Koreaans vir opleidings saal.
Dojo – Japanees vir opleidings saal.
Escrima – Spaans vir “skirmish”. Fillippynse stelsel wat stokke, swaarde en dolke behels.
Vyf diere – Bewegings van die kraanvoël, draak, luiperd, tier en slang, ingewerk in die Shaolin gevegsstelsels.
Gi – Opleidings uniform vir Japanese Oosterse Gevegskuns. In Koreaans beteken dit ‘gees’.
Gup – In Taekwondo is dit een van die tien grade onderkant swart gordel.
Hakama – Lang, verdeelde romp wat in sommige Japanese Oosterse Gevegskuns gebruik word, meestal Aikido en Kendo.
Hara-kiri – Japanese ritueel selfmoord deur uithaal van ingewande, die uiterste daad van versoening.
Perd posisie – Sterk basiese posisie van beide Chinese en Japanese style.
I-Ching – Antieke Chinese boek van waarsêery, wie se filosofiese beginsels die basis van Tai chi, Pa kua en Hsing-i vorm.
Ippon – Gebruik in Japanese geskille om ‘n volle punt aan te wys.
Judoka – Iemand wat Judo beoefen.
Jutsu of Jitsu – Japanees vir kundigheid of kuns, ook gebruik as ‘n agtervoegsel, bv., Kenjutsu.
Karate-ka – Iemand wat Karate beoefen.

Kata – ‘n Patroon of vorm van bewegings waarin die Japanese oosterse gevegskunstenaar denkbeeldige opponente beveg.
Katana – ‘n Japanese swaard.
Ki – Japanees vir chi, innerlike energie belangrik vir die beoefening van Aikido en Hapkido.
Kiai – Kragtige kreet van Japanese Gevegskunste wat ‘n teenstander kan laat verstar of om ekstra dryfkrag aan ‘n tegniek te gee.
Kote – Kendo kaphou.
Kup so – Belangrike punt in Taekwondo.
Kwoon – Chinees vir opleidings saal.
Kyu – Japanees vir enige graad onder shodan (eerste graad swart gordel).
Oosterse Gevegskunste – Die gevegskunste van oorlog, van Mars, god van oorlog.
Men – Kendo helm.
Oos – ‘n Vorm van groet soos gebruik in die *dojo.*
Randori – Vrye skermutseling in Judo.
Ryu – Japanees vir skool of styl.
Samurai – ‘Iemand wat dien’ – die ridderlike vegter van feodale Japan.
Sensei – Japanees vir meester.
Shiatsu – Japanese vingerdruk terapie.
Shinai – Bamboesswaard gemaak van vier stroke wat saamgebind is. Vervang die werklike lem in Kendo.
Sumotori – Sumo vegters.
Tanden – Japanees vir naeltjie, gesien as die bron van krag.
Tare – Voorskoot, deel van Kendo wapenrusting om die belangrike liggaamsdele onderkant die middellyf te beskerm.
Te – Okinawan vir hand, soos in Karate, leë hand.
Tenugui – Kopband gebruik in Kendo om sweet te absorbeer.
Wit gordel – Dit dui op ‘n beginner in verskeie Japanese stelsels.
Waza-ari – ‘n Halfpunt in Japanese kompetisie.
Yang – Die positiewe manlike beginsel van Chinees.
Yin – Die passiewe vroulike beginsel van Chinees.
Yoi – Posisie van gereedheid in Japanese Gevegskuns.
Zanshin – ‘n Toestand van kalme waaksaamheid, gekweek in Japanese Gevegskunste.
Zen – Godsdienstige filosofie wat aanspraak maak op die bereiking van satori (verligting deur meditasie).

12. AANVULLENDE INLIGTING OOR OOSTERSE GEVEGSKUNSTE

Kung Fu Style

- **Tai Chi Chuan**
- **Pa-Kua**
- **Hsing-I**
- **Die "Praying Mantis" (Hottentotsgod) –** Hierdie styl is verkry van Sil Lum – 'n Shaolin styl van Kung Fu wat grypery, trekkery, slaan en kort, vinnige voetbewegings met skoppe na die geslagsarea en knieskywe behels.
- **Wing Chun** (ook genoem Straatvegtery) – Hierdie styl gebruik 'n wapen genoem 'n Luk-dim-boun-kwan – 'n paal ongeveer 3 meter lank.

Karate style

Shokotan
Kyokushinkai
Wado-ryu
Shito-ryu
Shukokai
Sankukai
Shotokai
Goyuryu
Goju-kai
Uechi-ryu

Japanese Oosterse Gevegskunste wat Wapens gebruik

- **Kendo** – Shinai, 'n bamboesswaard, gemaak van vier stroke wat saamgebind is, en gebruik word in die plek van 'n lewende lem.
- **Iai-do –** Gebaseer op swaardmanskap.
- **Kyudo –** 'Die weg van die boog'. Die bood is ongeveer 2 meter lank.
- **Yabusame –** Boogskiet vanaf 'n perd se rug.

Ongewapende style

Aikido
- *Yoshinkan Aikido:* 'n Minder bekende styl.
- *Tomiki Aikido*
- *'n Jitsu*
- *Kuatsu*
- *Judo*
- *Shorinji Kempo:* 'n Mengsel van Karate en Aikido.

Sumo stoei

Die Koreaanse Gevegskunste

Taekwondo
Hapkido
Tang Soo Do

Gevegskunste van Verskeie Lande

Thai Boks – ‘n Baie dodelike boksvorm met skoppe vanaf die elmboog, voet of knie, en gemik op die maag area. Vlieënde skoppe word ook gebruik.
Burma Bando – Gebaseer op die bewegings van twaalf diere, hierdie vorm gebruik soms wapens.
Maleisiese Bersilat – ‘n Metode van selfverdediging, meestal genoem op ‘n korter weergawe, ‘silat’.
Brasiliaanse Capoira – Die wortels van hierdie styl kom uit slawerny en is hoofsaaklik verdedigings bewegings. Dit is ‘n akrobatiese styl, maar het ‘n moordstyl geword met 72 bewegings.
Fillippynse Kali (beteken lem of mes) - Die mes word genoem ‘n ‘bolo’ en is soortgelyk aan ‘n kapmes.
Escrima – Hierdie vorm het ontwikkel uit Kali en word nou in Europa gepraktiseer.
Russiese Sambo Stoei – Die hoofdoel van hierdie vorm is om die bene van die opponent te gryp en hom op die grond te gooi. Dit het skynbaar in China ontstaan.
Indiese Kalaripayit – ‘n Opleidings metode vir vegtery.
Frans, La Savate – ‘n Skopstyl, wat insluit om te slaan met ‘n oop palm.

Bronne: Reasoning from the Scriptures Ministries, Rancho Santa Margarita, CA 92688.
“**Animism**” - Alan G. Hefner and Virgilio Guimaraes.
“**The Handbook for Spiritual Warfare**” – Dr. Ed Murphy.
Microsoft Encarta 98 Encyclopedia.
Internet Websites of FAQ Sources.
“A Christian Assessment” by Erwin de Castro, B.J.Oropeza & Ron Rhodes].
“**Martial Arts and Yoga – A Christian Viewpoint**” by Brenda Skyrme

13. CHRISTENSKAP vs BOEDDHISME

VRAAG	BOEDDHIS SE ANTWOORD
1. Hoekom ly ons?	1. As gevolg van ons selfsugtige drang, verbintenis aan mense, dinge en die bestaan self. Ons is almal vasgevang in 'n herhalende siklus a.g.v. hierdie drang.  Al ons ervaringe van hierdie lewe is voorafbepaal deur ons Karma = hoe goed of sleg ons in ons vorige lewe was.
2. Is daar enige manier waarop ons uit hierdie siklus van lyding en die Wet van Karma kan ontsnap?	2. Ja – deur drange en enige soort verbintenis aan hierdie wêreld en mense uit te skakel
3. Hoe kry ek dit reg?	3. Deur my lering te volg oor die agtvoudige weg, d.i. Reg...*Sienings; Aspirasie; Spraak; Aksie; Betrokkenheid; Poging, Gedagtig aan; Konsentrasie.*
4. Wat gebeur as ek hierdie lering suksesvol volg?	4. Jy sal die toestand van Nirvana bereik – *salige niks*
5. Ek dink nie ek kan dit doen nie!	5. Hou net aan probeer so hard as jy kan.
6. Is jou lering die absolute waarheid?	6. My lering is die "vlot" wat jou oor die rivier sal neem na die ander oewer van verligting. As jy eers die oorkant bereik het, kan jy die vlot verlaat.

VRAAG	JESUS SE ANTWOORD:
1. Hoekom ly ons?	1. A.g.v. die uitwerking van sonde, oorgeërf van Adam, sowel as dit wat vandag gepleeg word. Die mens het die rug op God gedraai en sy eie, selfsugtige pad begin loop. Die gevolg is skeiding van God en van al Sy reinheid, liefde en krag.
2. Is daar enige manier om van hierdie gevolge te ontsnap?	2. Ja – Ek het gekies om te ly aan die Kruis ten einde die weg te voorsien waardeur vrymaking verkry kan word van daardie gevolge.
3. Wat moet ek doen?	3. Bely jou selfgesentreerdheid. Vertrou op God se genadige vergifnis en alle wat Ek gedoen het, as voldoende vir jou redding.
4. Beteken dit dat ek geen etiese lering hoef te beoefen nie?	4. As jy My werklik liefhet en vertrou, sal jy. Omdat Ek die Ontwerper en Skepper van die Heelal en menslike lewe is, weet Ek wat die beste manier van lewe is.
5. Ek dink nie ek kan dit doen nie!	5. Ek weet! Dit is waarom Ek aan jou My Heilige Gees gee om jou in staat te stel om 'n heilige lewe te leef.
6. Is U lering die absolute waarheid?	6. Ek is die Weg, die Waarheid en die Lewe. Niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.

GOD SE ANTWOORDE OP DIE MENS SE VERSKONINGS / VRAE

1. Is die Bybel werklik die Woord van God?

2 Tim. 3:16,17 *"[16]Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, [17]sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus."*

2. Ek vind dit moeilik om te glo.

Heb. 11:6 *"[6]En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek."*

3. ***Ek kan nie die Bybel verstaan nie.***

1 Kor. 2:14 ***"****[14]Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word."*

4. ***Omdat ek in reinkarnasie glo, glo ek nie in die Hemel en Hel nie.***

Heb. 9:27 ***"****[27]En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel,"*

5. ***Ek glo dat absoluut almal in elk geval Hemel toe gaan.***

Joh. 3:36 ***"****[36]Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom."*

6. ***Ek voel nog net nie gereed ommy lewe vir Jesus Christus te gee nie.***

Efes. 2:8,9 ***"****[8]Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God;*
[9]nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie."

7. ***God is té goed om my te verdoem en Hel toe te stuur!***

Mark. 16:16 ***"****[16]Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word."*

8. ***Hoe kan ek vir seker weet dat daar werklik 'n Hemel is?***

2 Kor. 5:1 ***"****WANT ons weet dat as ons aardse tentwoning afgebreek word, ons 'n gebou het van God, 'n huis nie met hande gemaak nie, ewig, in die hemele."*

9. ***En 'n Hel?***

Luk. 12:5 ***"****[5]....maar Ek sal julle wys wie julle moet vrees: vrees Hom wat, nadat Hy doodgemaak het, by magte is om in die hel te werp; ja, Ek sê vir julle, vrees Hom!"*

10. ***As 'n Boeddhis het ek my eie oortuigings.***

Kol. 2:8 ***"****[8]Pas op dat niemand julle as 'n buit wegvoer deur die wysbegeerte en nietige misleiding nie, volgens die oorlewering van die mense, volgens die eerste beginsels van die wêreld en nie volgens Christus nie."*

11. **Ek is sekerlik ‘n té groot sondaar, en moet eers verbeter voordat ek ‘n Christen kan word?**

Joh. 6:37 *“[37]Al wat die Vader My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie.”*

12. **Ek wil ‘n Christen wes, maar nie nou nie – miskien later.**

Jak. 4:14 *“[14]…julle wat nie eens weet wat môre sal gebeur nie. Want hoedanig is julle lewe? Dit is tog maar ’n damp wat vir ’n kort tydjie verskyn en daarna verdwyn.”*

13. **Ek is so bang dat my vriende en familie my sal spot en verkleineer! En sê nou hulle verwerp my?**

Rom. 8:18 *“[18]WANT ek reken dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word nie.”*

14. **In elk geval, ek probeer alreeds om in die Hemel te kom op my eie, spesiale manier.**

Joh. 14:6 *“[6]Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.”*

Tit. 3:5 *“[5]…nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees”*

Joh. 3:16 *“[16]Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.”*

Joh. 3:17 *“[17]Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word.”*

BOEDDHISME & CHRISTENSKAP: OOREENKOMSTE EN VERSKILLE

X : VERSKILLEND
= : DIESELFDE
+ : BYKOMENDE AAN BUDDHISME

BUDDHISME		CHRISTIANITY
1. Boeddha het ‘n weg gevind.	**X**	Jesus is die Weg (***Joh. 14:6***)
2. Lyding is universeel, onvermydelik	**=**	***Romeine 8:22***

3. Oorsaak van lyding is drang en selfgesentreerde begeerte.	**=** **+** **X**	***Jak. 1:13-15*** Satan: ***Joh. 8:44*** Maar NIE ons KARMA (d.i. Vorige lewe). Mag voortspruit uit ander mense se Bose vervolging, God se dissipline. 'n Goeie persoon kan ly.
4. Ingesteldheid teenoor lyding is ontsnapping.	**=** **X+** **+** **+**	Daar is 'n begeerte om bevry te word uit hierdie korrupte wêreld *(**Rom. 8:20-23**).* Lyding kan groei in karakter tot gevolg hê. *(**Rom. 5:3-5; Jak.1:2-4**)* Kan 'n manier van groei in afhanklikheid van God wees *(**2 Kor. 12:9**)* Help ander wat ly (***2 Kor. 1:4**)*
5. Die raad vir lyding is om alle drang uit te skakel.	**X** **+**	Geen waarborg van vryheid van lyding, omdat ons in 'n gevalle wêreld leef. God troos en versterk ons in beproewing. (***2 Kor. 4; 12:9**)* Slegs in die nuwe wêreld *(**Open. 21:3-5**)*
6. Die metode om drang uit te skakel is om die agtvoudige weg te volg, d.i. selfpoging	**X**	Kan nie staatmaak op selfpoging. Mens se hart is misleidend en onbetroubaar. *(**Jer. 17:9, Rom. 7:21-24**).* Mens moet in eenheid met Christus wees *(**Joh. 15:1-5**)* en ontvang 'n nuwe aard deur God se Heilige Gees *(**Titus 3:3-8; 2 Kor. 5:17; Joh.3:5**).* Geen afsondering van die wêreld, maar oorwinning te midde van versoekings *(**Joh. 17:15**).*
7. Redding word verkry deur ontsnapping van lyding deur eie poging	**X**	Redding kom slegs deur te deel in God se Lewe, deur God se genade, deur geloof (***Tit. 3:3-8; Efes. 2:8-9; Rom. 3:21-27; 1 Kor. 15:20-22**).*
8. Etiese optrede is van primêre belang	**=**	Etiese optrede is baie belangrik (***Mat. 5:18-29; Jak. 2:17**).*

9. Etiese optrede is die primêre wyse vir verkryging van “redding”.	**X**	Etiese gedrag behoort ‘n reaksie / resultaat van God se liefde en gawe van redding te wees. *(**1 Joh. 4:9-11; Mat. 22:37-40; Rom. 13:10**).*
10. ’n Persoon se denke is net so belangrik soos, en dit affekteer aksies	**=**	***Mat. 5:27-28; 12:34-35; 15:18-20***
11. Vyf basiese beginsels	**=** **X**	Net soos 4 van die 10 Gebooie, maar het geen gebooie aangaande ons verhouding met God.
12. Losmaking van selfsoeke	**=**	Ontkenning van self *(**Mark.8:34-35**)*
13. Geen lering oor ‘n persoonlike God	**X**	Alomteenwoordige, Alwetende God *(**Job 42:2; Ps. 115:3-4; Hand. 17:24-28**)* met Wie ons in verhouding kan staan as Goddelike Vader ***(Mat. 6:9; Rom. 8:15-16**).*
14. Verwerp ‘n nadruk op rituele; benadruk genade en etiese leefwyse	**=**	***Mat. 9:*** **13;** ***23: 23.***
15. Jesus Christus word gerespekteer as ‘n goeie man en leermeester	**X**	Jesus Christus is die Seun van God. *(**Mat. 3:17; 16:16; Joh.1:34; Rom. 1:4**).*
16. Boeddhisme is verdraagsaam teenoor ander godsdienste. ‘n Boeddhis mag sommige leringe van Christenskap aanhang.	**X** **=**	Jesus Christus is die Enigste Weg. *(**Joh. 14:6**).* Christene kan sommige Boeddhistiese etiese lering aanvaar.
17. Die lewe bestaan uit baie reinkarnasies, vasgevang in die wet van Karma	**X**	Ons lewe en sterwe slegs een keer op hierdie aarde , en word dan geoordeel in die Hemel (***Heb. 9:27**).*